Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2022

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1 (EKSEMPLAAR)

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Kyk- en Leesbegrip (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | Taal (VRAAG 3, 4 en 5) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie deeglik.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke VRAAG op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël na ELKE antwoord oop.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Aanbevole tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

10 Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

Lees die onderstaande artikel goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

## TEKS A

### MARK SHUTTLEWORTH – EERSTE AFRIKAAN IN DIE RUIMTE

1 "Elkeen van ons het ŉ droom oor iets wat ons in die lewe wil bereik," sê die jong Suid-Afrikaner op ŉ mediakonferensie in Rusland. Op sy blou oorpak is die Suid-Afrikaanse vlag – ŉ bewys dat hy trots is op sy land.

2 Die Suid-Afrikaners het gewag vir die oomblik dat Mark die eerste mens uit Afrika in die ruimte sou wees. "Ek het altyd gehoop en geglo dat ek in die ruimte sou kon vlieg," sê hy op die mediakonferensie. "Ek het altyd geweet ek sou moes wag vir hierdie dag," het hy gesê voor hy in die Sojoez-tuig vertrek het.

3 Sy droom het in April 2002 waar geword toe Mark Shuttleworth, Suid-Afrikaanse internet-miljoenêr en entrepreneur, as 28-jarige na Sterstad in Rusland gegaan het. Hy het daar sy opleiding gekry vir sy vlug na die Internasionale Ruimtestasie. Dagdromery is een van die baie dinge waarvan hy die meeste in die lewe hou, maar jy moet net hard werk om jou drome waar te maak.

4 Mark Richard Shuttleworth is op 18 September 1973 in Welkom in die Vrystaat gebore, maar het in die Kaap grootgeword. Sy pa is Richard Dalton Shuttleworth, ŉ chirurg, en sy ma se naam is Ronelle. Hulle woon in die noordelike voorstede van die Kaap. Mark het van kleins af baie van rekenaarspeletjies gehou en dis ook daar waar sy belangstelling in tegnologie begin het. Terwyl hy vir sy graad in finansies aan die Universiteit van Kaapstad studeer het, het hy vir die eerste keer op die internet gewerk. Hy was gefassineer deur die veranderings wat dit in die besigheidswêreld kon bring.




5 Shuttleworth kon die toegangsgeld vir sy ruimtereis uit sy agtersak betaal. In 1995 op 22-jarige leeftyd het hy met ŉ besigheid vir internetkonsultasie, in sy ouers se garage in die Kaap begin. Die naam van hierdie besigheid was Thawte Consulting. Hy het dit laat groei tot die eerste maatskappy buite Amerika met ŉ winsgewende webbediener (*web server*) en sekuriteit vir e-handel.

6 Mark het Thawte vier jaar later aan die Amerikaanse mededinger, Verisign, vir 4,4 miljoen van Verisign se aandele verkoop. Hy het later sy aandele vir $130 (dollar) per aandeel verkoop. Een van die eerste dinge wat Mark gedoen het toe hy sy besigheid verkoop het, was om sy Suid-Afrikaanse werkers by sy kantore in Durbanville in die Kaap minstens R1 miljoen elk te gee. Onder hulle was twee skoonmakers en ŉ tuinier.

7



*Die Internasionale Ruimtestasie, soos hy by sy voltooiing sal lyk. Mark het in 2002 'n aantal dae lank daar vertoef en proewe gedoen.*

Mark is nege maande lank in Sterstad Rusland opgelei. Hy het soveel Russies geleer dat hy van die gesprekke tussen die kaptein, Joeri Gidzenko, en die grondbemanning kon volg. Tydens sy ekskursie het hy ook verskeie wetenskaplike eksperimente gedoen. Een eksperiment, om te sien hoe gewigsloosheid die ontwikkeling van embrio's beïnvloed, was die heel eerste ter wêreld. Hierdie proefnemings was onder die beheer van Suid-Afrikaanse wetenskaplikes van die universiteite van Kaapstad, Stellenbosch en Port Elizabeth, saam met Russiese ruimtewetenskaplikes.

8 Tydens Vredesdagvieringe in die Vrystaat-Stadion het duisende mense gekyk terwyl oud-pres. Thabo Mbeki breëbors met Mark gesels nadat hy by die Internasionale Ruimtestasie aangekom het. Mark se vlug is later vanaf die Baikonoer-ruimtehawe in Kasakstan regstreeks op die Suid-Afrikaanse televisie uitgesaai.

9 Mark se ruimte-avontuur het op 25 April 2002 begin en 5 Mei geëindig toe die landingstuig van die Sojoez veilig in Kasakstan geland het. Nadat hy teruggekom het, het hy begin om wetenskap en wiskunde by skole te bevorder. Sy opvoedingstigting, The Shuttleworth Foundation, skryf sagteware om skole in ontwikkelende lande te help.

10 In 2002 het Mark Shuttleworth 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Kaapstad ontvang vir sy entrepreneurskap en omdat hy help om wetenskap en tegnologie in skole te bevorder.

[Aangepas en verwerk uit https://bit.ly/3k9y9MC]

**LET WEL:**
- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Waar is die mediakonferensie met Mark Shuttleworth gehou? (1)

1.2 Hoe weet ons dat Mark Shuttleworth trots is op sy land? (1)

1.3 Wat was die ruimteskip se naam waarmee Shuttleworth gereis het? (1)

1.4 Mark se ekspedisie in die ruimte het ʼn maand lank geduur.

Haal **ʼn deel** van ʼn sin aan om hierdie stelling ONWAAR te maak. (1)

1.5 Mark is in Rusland opgelei.

1.5.1 Kies die korrekte woord tussen hakies.

Mark se vlug was na ʼn (Russiese ruimtestasie / ruimtestasie wat vir alle lande van belang is.) (1)

1.5.2 Motiveer jou antwoord uit die leesstuk. (1)

1.6 Hoekom, dink jy, het Shuttleworth eers op universiteit op internet begin werk? (1)

1.7 Hoe het rekenaarspeletjies Mark gehelp om ʼn besigheidsweb-bediener te ontwikkel? (1)

1.8 "Shuttleworth het sy toegangsgeld uit sy agtersak betaal."

1.8.1 Hierdie stelling word (denotatief/konnotatief) gebruik. (1)

1.8.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 1.8.1. (1)

1.9 Noem TWEE redes waarom Shuttleworth ʼn rekenaarprogram vir besighede geskryf het en nie ʼn program vir rekenaarspeletjies nie. (2)

1.10 Wat het Verisign gedoen om te keer dat Shuttleworth se besigheid ʼn sterk opponent word? (1)

1.11 Hoekom, dink jy, was Mark Shuttleworth se opleiding so lank (9 maande)? (1)

1.12 Hoekom was dit ʼn goeie ding dat Mark Shuttleworth Russies geleer het? (1)

1.13 Haal EEN woord uit paragraaf 7 aan wat daarop wys dat hulle BAIE wetenskaplike eksperimente gedoen het. (1)

Kopiereg voorbehou 

1.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.14) neer.

Lees weer paragraaf 8. Watter antwoord pas die beste by die woord *breëbors*?

A Thabo is groot met ŉ breë bors.
B Thabo is baie trots.
C Thabo is baie sterk.
D Thabo het baie mag oor die mense. (1)

1.15 Hoe weet ons dat baie Suid-Afrikaners na die lansering van die ruimtetuig waarin Mark Shuttleworth was, gekyk het? (1)

1.16 Hoe bevorder *The Shuttleworth Foundation* wiskunde en wetenskap by skole? (1)

1.17 Hoe het die Universiteit van Kaapstad Mark Shuttleworth erken vir sy hulp aan skole? (1)

1.18 Kies die korrekte beskrywing uit KOLOM B wat by KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommers (1.18.1 to 1.18.3) en die antwoord neer, byvoorbeeld 1.18 E.


| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.18.1 | Mark Shuttleworth | A | Opleidingsentrum |
| 1.18.2 | Sterstad | B | Ruimtestasie |
| 1.18.3 | Kasakstan | C | Universiteit in Port Elizabeth |
| | | D | Welkom |

(3 x 1) (3)

1.19 Waarna verwys die woord *Afrikaan* in die titel? (1)

**[24]**

**TEKS B**




[Aangepas uit https://bit.ly/3atHOKC & https://bit.ly/3jV9Y4p]

1.20 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer. (1)

Die  -teken verwys na (mense wat getoets is/nuwe COVID-19-positiewe gevalle).

1.21 Hoeveel mense het, volgens die statistieke regoor die wêreld gesterf? (1)

1.22 Hoeveel nuwe gevalle is op 2 April in Suid-Afrika opgeskryf? (1)

1.23 Watter streek in die Kaapse metropool het die minste COVID-19-gevalle aangeteken? (1)

1.24 Watter dorp het die meeste COVID-19-gevalle aangeteken? (1)

1.25 Hoekom is die  -teken funksioneel in die grafika? (1)
**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

## VRAAG 2

### INSTRUKSIES

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

- Skryf SEWE wenke oor **HOE ONS ʼn KIND GELDSLIM KAN GROOTMAAK** in jou EIE VOLSINNE neer.
- Skryf die wenke puntsgewys neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die **korrekte** getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**LEER ʼN KIND HOE OM GELDSLIM TE WEES**

Geld groei nie op ʼn mens se rug nie. Maar hoe kan ons kinders geleer word om geldslim te wees.

Kry vir die kind ʼn spaarvarkie sodat hy vir ʼn spesifieke item kan spaar. As dit deurskynend is, kan hy sien hoe die geld meer word en hoe nader hy aan sy doel is. Indien hy nie iets wil koop nie, neem hom en sy spaarvarkie na die bank en maak ʼn rekening oop. Dit help hom om meer van spaar te leer en ook hoe sy geld deur die rente kan groei.

Ouer mense moet ʼn voorbeeld wees van hoe om met geld te werk. Kinders leer deur na hulle te kyk en hulle geldgewoontes na te aap. Kinders sien dat ouer mense rekeninge betaal en aankope doen deur elektroniese transaksies. Gee die kind geld sodat hy kan sien hoe geld minder word wanneer hy iets koop.

Leer die kind ook die verskil tussen iets wat hy nodig het en iets wat hy net wil hê. Soms sal die kind swak besluite neem; hoe moeilik ookal, hy moet uit sy foute leer. Die kind moet leer hoe om pryse met mekaar te vergelyk en nie net die eerste ding koop wat hy sien nie. Hy moet ook na advertensies kyk om te sien watter item die goedkoopste is. Daarmee saam moet jy hom leer wat die verskil tussen die kwaliteit van items is wat jy koop. Hy moet weet dat iets wat goedkoop is, nie altyd die beste is nie. Hy moet eerder meer geld aan ʼn beter item spandeer.

[Aangepas uit https://bit.ly/3argsom]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C

## VRAAG 3

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

## TEKS D




[Verwerk en aangepas uit https://cutt.ly/ElxzTP4]

3.1 Gee EEN WOORD vir **by jou eie huis***.* (1)

3.2 Gee die KORREKTE Afrikaans vir ***pet****.* (1)

3.3 Kies die antwoord wat KORREK IS. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.3) neer.

Die opskrif word in hoofletters geskryf omdat dit ...

A jou aandag trek.
B die advertensie persoonlik maak.
C deur mense met swak sig gelees kan word.
D die advertensie interessant maak. (1)

3.4 Gee die SINONIEM vir ***heerlik***. (1)

3.5 Gee die AFKORTING vir die woord tussen hakies.

Die kos het die goedkeuring van die (**Dierebeskermingsvereniging**). (1)

3.6 Skryf die korrekte INFINITIEF vir die deel tussen hakies.

Dit moedig honde-eienaars aan (**koop gesonde kos**). (1)

3.7 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Die klein hondjie eet met 'n (**teelepel**). (1)

3.8 Deel die woord tussen hakies in LETTERGREPE op.

Daar staan 'n (**melkbeker**) op die tafel. (1)

3.9 Hoekom gebruik hulle honde as karakters in die advertensie? (1)

3.10 Watter WOORD word deur die koppelteken aangetoon?

Daar staan 'n sout- en peperpot op die tafel. (1)
**[10]**

## VRAAG 4

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E Neelsie en Meester**




[Aangepas: https://cutt.ly/llxY1vq]

4.1 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

“Jaco het my boek.”
**Begin so:** Neelsie sê ... (1)

4.2 Wat is die funksie van die ellips ( ... ) in raampie vyf?

“Dis net weg ...” (1)

4.3 Skryf die volgende sin in die LYDENDE vorm.

Die hond het vanoggend my boek opgevreet. (1)

4.4 Skryf die VERLEDE DEELWOORD van die woord tussen hakies.

Neelsie kan nie sy (**steel**) tas kry nie. (1)

4.5 Herskryf die sin in ’n algemene VRAAGSIN.

Iemand het my boek uit my tas gesteel. (1)

Kopiereg voorbehou 

4.6 Voeg die korrekte VOORSETSEL in.

Neelsie praat ... sy meneer. (1)

4.7 In raampie 6 kan ons sien dat Meester baie rustig is.

Motiveer hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

4.8 Herskryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.

Net jammer hy kan nie ŉ verskoning aanvaar nie. (1)

4.9 Kies die korrekte woord tussen hakies.

Neelsie (maak/vra) verskoning vir sy boeke wat weg is. (1)

4.10 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL uit die woorde tussen hakies.

(Sjoe!/Trap!) Gaan dadelik uit die klas. (1)
**[10]**

**VRAAG 5**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**VRAAG 5.1**

**TEKS F**

**GRAPPE**

1 5.1.1 (Sannie kla by haar man Ons buurman soengroet elke oggend sy vrou.) Hoekom doen jy dit nie ook nie?

Maar, vrou, hoe kan ek? Ek ken 5.1.2 (die buurvrou) dan nie eens nie.

2 5.1.3 (Onderwyser): As ek vir jou twee hasies gee, en nog twee hasies en nog twee, hoeveel sal jy hê?

Jannie: Sewe, Meneer.

Onderwyser: Nee, luister mooi. As ek twee hasies gee en nog twee en nog twee, hoeveel hasies sal jy hê?

Jannie: Sewe.

Onderwyser: Kom ek 5.1.4 ( ... ) dit anders. 5.1.5 (As ek gee vir jou twee appels) en nog twee en nog twee, hoeveel appels sal jy hê?

Jannie: Ses.

Onderwyser: Mooi so. Nou as ek vir jou twee hasies gee en nog twee en nog twee, hoeveel hasies sal jy hê?

Jannie: Sewe!

Onderwyser: Hoe op aarde kom jy by sewe uit?

Jannie: Want ek het KLAAR ŉ hasie by die huis, Meneer!

3 Daar's twee soorte 5.1.7 (ongeluk) mense by ŉ partytjie, dié wat wil ry, en dié wat wil bly. En gewoonlik is hulle met mekaar getroud.

4 Wat noem jy ŉ vrou wat 5.1.8 (**24**) uur per dag weet waar haar man is? ŉ Weduwee.

5 Wat is die definisie van ŉ tiener? ŉ Persoon wat alles weet, maar 5.1.9 (hy weet hoe om eksamen te skryf.)

6 ŉ Man vat sy siek vrou 5.1.10 (doktor/dokter) toe. Na die ondersoek sê hy vir die man, “Ons het hier met ŉ baie lelike ding te doen.”

Man sê: “Ek weet Dok, maar sy is regtig goed vir die kinders”.

Kopiereg voorbehou

7 Dit reën al vir 3 dae by ons... Al wat my skoonma doen, is 5.1.11 (deur) die venster kyk... As dit so aangaan, sal ek haar seker moet laat inkom!

8 My vrou en hond vermis ... 5.1.12 (Ek gee ŉ R100 beloning aan iemand. Bring my hond terug.)

9 Die een Kaapse 5.1.13 (blond) vra vir die ander: "Wat is 5.1.14 (nader), die son of Johannesburg?"

"Jy's lekker simpel." Antwoord die ander een. "Die son natuurlik! Kan ŉ mens Johannesburg hiervandaan sien?"

[Aangepas en verwerk https://cutt.ly/IlRaSbk]

5.1.1 Vul die korrekte PUNKTUASIE in.

Sannie kla by haar man Ons buurman soengroet elke oggend sy vrou. (1)

5.1.2 Vervang die woorde tussen hakies met die korrekte VOORNAAMWOORD. (1)

Ek ken (die buurvrou) dan nie eens nie.

5.1.3 Gee die VROULIKE vorm van **Onderwyser**. (1)

5.1.4 Vul ŉ paslike WERKWOORD in.

Onderwyser: Kom ek ... dit anders. (1)

5.1.5 Verbeter die SINSKONSTRUKSIE van die deel tussen hakies.

(**As ek gee vir jou twee appels**) en nog twee en nog twee, hoeveel appels sal jy hê? (1)

5.1.6 Kies die KORREKTE verduideliking tussen hakies wat die beste by die volgende IDIOOM in konteks van die grappie pas. Skryf slegs die vraagnommer en die woorde neer.

***Jan is regtig ŉ haas***, beteken dat (hy regtig baie dom is/vinnig is). (1)

5.1.7 Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies.

Daar's twee soorte (**ongeluk**) mense by ŉ partytjie (1)

5.1.8 Skryf die nommers/syfers in woorde uit.

Wat noem jy ŉ vrou wat (**24**) uur per dag weet waar haar man is? (1)

Kopiereg voorbehou 

5.1.9 Herskryf die deel tussen hakies in die ONTKENNENDE vorm.

ʼn Persoon wat alles weet, maar (hy weet hoe om eksamen te skryf.) (1)

5.1.10 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

ʼn Man vat sy siek vrou (**doktor/dokter**) toe. (1)

5.1.11 Gebruik die HOMONIEM van die voorsetsel ***deur*** in ʼn sin sodat die betekenis duidelik na vore kom.

Al wat my skoonma doen, is (**deur**) die venster kyk... (1)

5.1.12 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies

Ek gee ʼn R100 beloning aan iemand. Bring my hond terug. (wat) (1)

5.1.13 Gee die korrekte PERSOONSNAAM van die woord tussen hakies.

Die een Kaapse (**blond**) vra vir die ander: "Wat is nader, die son of Johannesburg?" (1)


5.1.14 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Wat is (**nader**), die son of Johannesburg?" (1)

**[14]**

**VRAAG 5.2**

**TEKS G**



[Aangepas gekombineer uit https://cutt.ly/8lnnovD]

5.2.1 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies. (1)

Die see is vandag (**blou**) as gister.

5.2.2 Identifiseer die VOORWERP in die volgende sin.

Die gesin sit en eet waatlemoen op die strand. (1)

5.2.3 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.

Die karretjie het baie (**koffers, tasse en pakkies**) op sy dak. (1)

5.2.4 Skryf die sin korrek oor.

Die branderplankryer ry (**die golwe/by Bloubergstrand/elke middag**). (1)

5.2.5 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Die gesin sit onder die (**sambreel**). (1)

5.2.6 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Die gesin sit op 'n (**strand+handdoek**). (1)
**[6]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou